



Deur geleenthede tot uitnemendheid

Privaatsak X5886 Upington 8800 duineadmin@telkomsa.net
☎ 054 338 8222 📠 054 338 8288 / 054 338 8299

28 Maart 2017

NUUSBRIEF: 1/2017

Geagte Ouer/Voog

Die eerste kwartaal is agter die rug. Ter afsluiting die volgende:

1 VORDERINGSVERSLAG:

Die vorderingsverslag wat u vir die 1^{ste} kwartaal ontvang, is gebaseer op toetse, werkstukke en take wat gedurende die eerste kwartaal afgehandel is. U moet dit egter teen dié agtergrond beoordeel, dat dit slegs 'n klein volume werk is waarvoor terugvoering gegee word.

As u enige navrae wil doen oor u kind se akademiese vordering, sy/haar gedrag of aanpassing in die skool, wil ek u aanmoedig om met die graadhoof wat die vorderingsverslag onderteken het, kontak te maak. **Woon ook die Oueraand op Dinsdag, 18 April 2017 by.**

2 FINANSIES:

2.1 Skoolfonds:

Baie dankie aan elke ouer vir u bydraes en skoolfondsbetaling. Elke ouer moet beseftig dat die betaling van skoolfonds 'n noodsaaklike prioriteit in enige begroting is.

2.2 Rekeningstate van Skool:

Ouers moet asb. op die volgende let: Die debiteure-stelsel het vanaf 2013 verander vir skool- sowel as koshuiskinders. Elke kind sal 'n staat ontvang met sy/haar eie rekeningnommer. Onderriggelde is as een bedrag vir die jaar gehef n.l. R13 400. Alle betalings wat ons ontvang, is gelykop verdeel, indien u meer as een kind in die skool sou hê. Betalings tot 28 Februarie 2017 ontvang, word op state getoon. Ouers wat van debietorders gebruik maak, se betalings sal net tot Januarie 2017 toon. U is welkom om mev. R. Louw (finansies) te skakel indien enigiets vir u onduidelik is.

Bankbesonderhede: Standard Bank, Upington, (Takkode: 05 07 04)

Onderriggelde: (skool Hoërskool Duineveld: Rek.nr: 040 661 539

Losiesgeld: (koshuise) Hoërskool Duineveld Koshuis: Rek.nr: 040 663 094

2.3 Skoolfonds: Buitelandse leerders:

Al ons *Namibiese-ouers*, neem asseblief kennis van 'n Beheerliggaam-besluit dat:

- Buitelandse leerders kwalifiseer nie vir vrystelling of gedeeltelike vrystelling van onderriggeld nie
- Onderriggelde sowel as Losiesgelde is kwartaalliks vooruitbetaalbaar.

Upington Toyota
Tel: 054 337 7100



NEEM LEIDING **TOYOTA**

2.4 Rekeningstate van Koshuis:

Koshuiskinders het net soos die skoolkinders elkeen sy/haar eie rekeningnommer. Alle betalings wat ons ontvang het, is gelykop gedeel, indien u meer as een kind in die koshuis sou hê. Losies is as een bedrag vir die jaar gehef n.l. R17 500. U is welkom om mev. R. Louw (finansies) te skakel vir navrae indien daar enige onduidelikheid is.

2.5 Koshuisgelde:

Ek herinner alle koshuis-ouers daaraan dat ***koshuisgelde kwartaalliks vooruitbetaalbaar is***. 'n Koshuisleerder kan nie toegelaat word vir die volgende kwartaal indien sy/haar losies nie op datum betaal is nie. ***Die onderwyswet bepaal dat geen kind deur 'n ander ouer in die koshuis gesubsidieer mag word nie.***

Losiesgelde vir die TWEEDE KWARTAAL beloop R6 000,00 per leerder.

2.6 E-pos-adres vir Rekeningafdeling: Skool en Koshuise:

Ons doen weer eens 'n beroep op u om u **e-pos-adres** aan ons rekeningafdeling te voorsien, aangesien ons poog om die rekeninge in die toekoms aan u elektronies te stuur. U kan dit asseblief vir ons na **koshuis@webmail.co.za** of na **admin2@duineveld.co.za** e-pos.

2.7 Sluitingsdatum vir Aansoeke vir Vrystelling/korting:

Die sluitingsdatum vir aansoeke om vrystelling of korting vir skoolfonds was **24 Maart 2017**. Sou u nie in staat wees om u finansiële verpligting teenoor die skool na te kom nie, moet u so spoedig moontlik aan die begin van die tweede kwartaal u aansoek by die finansiële afdeling kom voltooi, anders laat u die Beheerliggaam geen ander keuse as om die skoolfonds per regsdeding van u te vorder nie.

2.8 Debietorder:

Ons wil al ons ouers aanmoedig om van die debietorder-stelsel gebruik te maak. Hierdie fasiliteit word deur die skool aangebied. *Dit haal die administrasie van "onthou" van u skouers af vir die res van die jaar!*

2.9 Geouditeerde State:

Die geouditeerde state van 2016 is ter insae by die skool vir enige ouer. U kan 'n afspraak met die skoolhoof maak indien u dit wil besigtig. Kontak mev. A. Kruger (ontvangs) vir 'n afspraak.

3 **ALGEMENE OUERAAND:**

U het 'n geleentheid om met u kind se vakonderwyser te kom gesels op **Dinsdag, 18 April 2017 om 18:00 in die Suidsaal**. *Gryp hierdie geleentheid aan, bring u kind saam met u.* Dit is goed om oor u kind se vordering te gesels waar die onderwyser sy/haar kant van die onderrigproses kan weergee, terwyl u kind teenwoordig is. U hoor deur die kwartaal net u kind se weergawe van wat in die klasse gebeur.

4 **WERKSAAMHEDE VIR DIE TWEEDE KWARTAAL:**

4.1 Toetse en Eksamens:

U is bewus daarvan dat die 2^{de} kwartaal baie kort is en ons slegs 6 weke het om al ons akademiese werk af te handel alvorens die leerders begin met hul Junie-eksamen. **Moet asseblief nie u kind(ers) onnodig afwesig laat wees nie. Daar is baie vakansiedae en langnaweke. Moet asseblief nie u kind tuis hou tussen langnaweke nie.**

Upington Toyota
Tel: 054 337 7100



NEEM LEIDING TOYOTA

Al is daar slegs 3 dae onderrig vir die week, moet ons die tyd uitkoop om onderrig te gee.

Ons word verplig om bevorderingstoetse (eksamens) gedurende die tweede kwartaal af te neem. Vir die betroubaarheid en geldigheid van so 'n bevorderingstoets (of eksamen) is dit noodsaaklik dat alle leerders die toets/eksamen op **dieselfde datum en tyd móét aflê**. *Sorg asseblief dat u kind nie tydens bevorderingstoetse/eksamen afwesig is nie.*

Hierdie toets/eksamen is deel van u kind se protefeulje wat tel vir sy/haar deurlopende assessering vir die jaar. Dit vorm 'n integrale deel van die eindeksamen wat u kind se bevorderbaarheid bepaal.

Daar kan slegs vir siekte en dood (*met sertifikaat*) reëlings getref word, dat 'n leerder op 'n ander tyd skryf. 'n Beroep word op u as ouer gedoen om begrip vir hierdie situasie te toon. Moet asseblief nie u kind vroeër uit die skool neem nie, of hom/haar 'n toets of taak laat mis as gevolg van persoonlike omstandighede nie.

Moet ook geen ander reëlings tref vir u kind tussen **29 Mei en 27 Junie 2017** nie. U kind is besig met eksamen en **geen "bloktyd"** is vir enige leerder gedurende hierdie tydperk ter sprake nie. Alle grade skryf in baie vakke gemeenskaplike eksterne vraestelle. **Hierdie vakke moet op vasgestelde datums en tye geskryf word soos Provinsiaal bepaal word.** Die skool het geen magtiging om hierdie vakke op alternatiewe datums of tye te laat skryf nie.

4.2 Vakveranderings:

Ons wil u aandag daarop vestig dat alle vakveranderings vir 2017 op 21 April 2017 sluit. Geen vakveranderings kan na hierdie datum gedoen word nie. Ons is gebonde aan Departementele riglyne.

4.3 Identiteitsdokumente:

Ek doen 'n beroep op ons ouers om asseblief die oomblik wanneer u kind 16 jaar oud word, aansoek te doen vir 'n identiteitsdokument (I.D). Sodra u die I.D. ontvang, stuur asseblief vir die skool 2 gewaarmerkte afskrifte van u kind se I.D. Ons benodig dit om u kind te registreer vir die Graad 12 NSS-eksamen. Hierdie registrasie vind reeds vanaf Graad 10 plaas. Ons mag nie meer u kind registreer vir die NSS-eksamen met 'n geboortesertifikaat nie. Namibiëse leerlinge kan slegs met 'n paspoort EN geldige studiepermit registreer.

5 **WINTERSDRAG:**

U moet asseblief daarop let dat ons in die tweede kwartaal oorskakel na wintersdrag. Ons wil graag hê ons leerders moet netjies vertoon. Kry solank die wintersklere gereed. *Ons hou die weer dop en sal op 2 Mei 2017 amptelik oorskakel na wintersdrag.* Leerders kan wanneer hul voel dit raak koel, wel oortrek-truie, truie of baadjies begin aantrek. Leerders is egter verplig om 'n das te dra wanneer hy/sy 'n truie of baadjie sou dra. Ons het elke Maandag, 'n "Das-dag". Ons versoek dat leerders hul das vir die volle duur op Maandae sal dra.

6 **WINTER-TYE:**

Let asseblief daarop dat die skooltye vanaf **Dinsdag, 18 April 2017 om 07:30 begin tot 13:50 Maandag tot Vrydag.**

7 **OOV-2017:**

Mev. Mandy Wrigley en haar span wil elke ouer van H/S Duineveld hartlik bedank vir ál die bydraes. 'n Groot dank aan elke ma en pa en ook die leerders wat soos een groot span kom help werk het tydens die sportdae in 2016. Ons maak staat op volgehoue ondersteuning.

Upington Toyota
Tel: 054 337 7100



NEEM LEIDING **TOYOTA**

8 **LOOPBAAN- EN STUDIEVOORLIGTING:**

'n Inligtingsbrief van mev. A. Gibbs, beroepsvoorligter, is reeds op Communicator geplaas. Mev. Gibbs (0832604177) bied haar dienste aan op **Dinsdag, 18 April 2017** om **14:30-17:30** in **Dogters studiesaal**, om u kind te kom toets vir vakkeuses. Dit staan u egter vry om enige beroepsvoorligter van u keuse te gebruik.

9 Mnr. R. van der Vyver sal die 2de kwartaal met siekverlof wees. Ons wens hom 'n spoedige beterskap toe.

Vir enige navrae kan u met die adjunkhoofde, mev. L. du Plessis of mev. I. Taute skakel.

'n Aangename rustyd word u en u kind(ers) toegewens.

Duineveld-groete.

L. du Plessis en I. TAUTE
ADJUNK-HOOFDE

Uppington Toyota
Tel: 054 337 7100



NEEM LEIDING **TOYOTA**